Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Education
EyezeMfundo
Opvoedkunde

# MEd (PSIG) 2027 OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE

DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE
FAKULTEIT OPVOEDKUNDE










## INLIGTING:

## Sien Jaarboek 2026, bl. 57-58 of besoek die US webwerf

1. **Die doel van die program: Sien Jaarboek 2026, bl. 57-58**
   Die doel van die program in Opvoedkundige Sielkunde is die ontwikkeling van navorsingskapasiteit, teoreties-gegronde kennis, vaardighede en gesindhede wat 'n student sal toerus om as opvoedkundige sielkundige in die Suid-Afrikaanse konteks te praktiseer. Studente wat die program, die daaropvolgende voorgeskrewe internskap van 12 maande asook die Beroepsraadeksamen suksesvol voltooi, sal as opvoedkundige sielkundiges by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) (Health Professions Council of South Africa – HPCSA) kan registreer.

2. **Toelatingsvereistes: Sien Jaarboek 2026, bl. 57-58**
   - BEdHons in Opvoedkundige Sielkunde (dus BPsig-ekwivalent) of BEdPsig of 'n goedgekeurde graad in Sielkunde.
   - Sielkunde tot op derdejaarsvlak is 'n vereiste.
   - 'n Goedgekeurde onderwyskwalifikasie verwerf by 'n goedgekeurde opvoedkundige instelling van 'n erkende nasionale hoëronderwysinstelling en geakkrediteer volgens die voorwaardes van 'n Suid-Afrikaanse kwalifikasie op NKR-vlak 7 (byvoorbeeld NOS of BEd).
   - Aangesien hierdie 'n kompeterende keuringsprogram is, kan formele deurlopende ondervinding van ten minste twee jaar binne enige aangrensende veld (bv. onderwys, maatskaplike werk, medies, gesondheidsterapieë asook berading) voordelig vir jou aansoek wees.
   - 'n Minimum van 65% vir Opvoedkundige Sielkunde of Sielkunde-georiënteerde vakke op honneursvlak (NKR-vlak 8).
   - Indien enige ander kwalifikasies wat as 'gelykwaardig' aan bogenoemde kwalifikasies beskou word, ingedien word, sal die aansoeker verantwoordelik wees om bewyse van gelykwaardigheid in te dien.

3. **Sluitingsdatum vir aansoeke:**
   **Sien Jaarboek 2026, bl. 57-58**
   **30 JUNIE VAN DIE VOORAFGAANDE JAAR VAN VOORNEMENDE STUDIE**

4. **Keuring:**
   **Die keuringsproses vind in drie fases plaas.**
   **Fase 1:** Tydens dié fase sal aansoeke nagegaan word om te verseker dat dit aan die basiese toelatingsvereistes voldoen. Indiening van 'n aanlyn aansoek verseker nie dat u outomaties na die keuringsproses uitgenooi sal word nie.
   **Fase 2:** Gedurende hierdie fase sal alle dokumente wat ingedien word deur 'n paneel bestudeer word om die kandidate se gereedheid om aan die program deel te neem, te bepaal. Kwalifiserende kandidate sal dan ten minste twee weke voor Keuring na Fase 3 genooi word.
   **Fase 3:** Die keuringsproses vir 2025 vind plaas by Fakulteit Opvoedkunde, Ryneveldstraat, Stellenbosch. Kandidate wat kwalifiseer en Fase 3 van die keuring moet bywoon, sal ná Julie per e-pos ingelig word.
   - Datums vir Fase 3:
     Dinsdag, 1 September - Vrydag, 4 September, 2026.
   - Diegene wat tot keuring genooi word, sal versoek word om 'n akademiese skryfstuk in te dien.

5. **Duur en program-aanbieding: Twee jaar voltyds**
   **Eerste jaar:** Akademiese modules en goedkeuring van die navorsingsvoorstel. Praktikum-modules, goedkeuring van die internskapprogram (inhandiging einde Julie) en voltooiing van tesis.
   **Tweede jaar:** 'n goedgekeurde internskap van 12 maande.
   **Registrasie:** Studente wat hierdie program suksesvol voltooi, insluitend die voorgeskrewe 12 maande internskap, en wat die Raadseksamen suksesvol geslaag het, sal in aanmerking kom om as opvoedkundige sielkundiges by HPCSA te registreer.

6. **Programstruktuur: Sien Jaarboek 2026, bl 57-58**

7. **Aansoekproses:**

7.1 Aansoek aanlyn:
*https://www.su.ac.za/en/apply/pg-studies/how-apply-postgraduate-studies*
Indien u enige probleme met die aanlyn proses ondervind, kontak Kliëntediens by info@sun.ac.za | 021 808 9111.

7.2 Geen sig (harde) kopie-aansoeke word aanvaar nie.

8. **Programkoste: Sien Jaarboek 2026**
   *https://files.su.ac.za/public/registrars-division/documents/2025-12/2026-student-fees-yearbook-part.pdf*

9. **Verdere navrae oor akademiese kwalifikasies:**
   Me C Jordaan (cdj@sun.ac.za)
   **Departementele navrae:**
   Dr C Jacobs, Programkoördineerder (carmelitaj32@sun.ac.za)
   Me A Grootboom, Departementele Beampte (grootbooma@sun.ac.za)

**Belangrike RGBSA kennisgewing: Koppeling van sielkunde internskapprogramme aan akademiese opleiding**

'n Besluit is deur die Professionele Raad vir Sielkunde geneem dat alle internskap-programme in Sielkunde voortaan aan die geakkrediteerde meestersprogram akademiese opleiding gekoppel sal word. Hierdie aankondiging is aan die einde van 2023 gemaak en hoewel verskeie rolspelers in hoër onderwys nog oor sekere implikasies beraadslag, is universiteite reeds opdrag gegee om die voorgestelde nuwe vereiste in Januarie 2025 te implementeer. As departement wag ons op verdere leiding van strategiese rolspelers, waarna ons moontlike aksieplanne aan ons studente sal kommunikeer. Die hoofimplikasie van hierdie besluit is dat graduering sal afhang van die voltooiing van beide die internskap- en graadkomponente van die program. Neem asseblief kennis dat die voorgestelde vereiste vanaf 2025 vir alle nuwe studente sal geld.

**MEd (PSIG) 2026**
**OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE**

Fakulteit Opvoedkunde
Departement Opvoedkundige Sielkunde